Les 2

**3 tot 9 Oktober*

Die gesin

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Gen. 3:1–15, 2 Kor. 4:6, Lukas 1:26–38, Matt. 1:18–24, Efe. 4:15, 1 Joh. 3:18, Deut. 6.

Geheueteks:
"My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie" *(Spreuke 1:8).*

As menslike wesens is ons altyd (die ideaal) besig om te leer. Trouens, die lewe self is 'n skool.

"Van die vroegste tye af het die getroues in Israel baie sorg bestee aan die opvoeding van die jeug. Die Here het beveel dat die kinders van hulle vroegste jeug af geleer moes word van Sy goedheid en grootheid, veral soos geopenbaar in Sy wet, en getoon in die geskiedenis van Israel. Sang, en gebede, en lesse uit die Skrifte moes aangepas word by die ontwikkelende verstand. Vaders en moeders moes hulle kinders leer dat die wet van God 'n openbaring van Sy karakter is, en dat namate hulle die beginsels van die wet in hulle harte ontvang, die beeld van God op hart en siel afgedruk sou word. Baie van die onderrig was mondelings, maar die jeug het ook geleer om die Hebreeuse geskrifte te lees; hulle het toegang gehad tot die perkamentrolle van die ou Testament."—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 69.

Vir die grootste gedeelte van die menslike geskiedenis het opvoeding meestal in die huis plaasgevind, veral gedurende die vroeë jare. Wat sê die Bybel oor opvoeding in die gesin, en watter beginsels kan ons daaruit vir onsself ter harte neem, ongeag hoe ons gesinsopset lyk?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 10 Oktober.*

Sondag

4 Oktober

Die eerste gesin

Daar is nie baie besonderhede gegee – trouens, eintlik geen – in die eerste bladsye van die Skrif aangaande die soort gesinsopvoeding wat in die vroegste dae van die menslike geskiedenis plaasgevind het nie. Maar ons kan redelik seker daarvan wees dat opvoeding juis in die gesinstruktuur geskied het. "Die opvoedingstelsel wat in Eden tot stand gebring is, het die gesin as middelpunt gehad. Adam was "die seun van God" (Lukas 3:38) en dit was van hulle Vader dat die kinders van die Allerhoogste onderrig ontvang het. Hulle opvoeding was, in die ware sin van die woord, 'n gesinskool."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 33. Al weet ons nie wat presies geleer is nie, kan ons baie seker daarvan wees dat dit gehandel het oor die wonder van die skepping, en ná die sondeval, die verlossingsplan.

Wat leer elk van die volgende teksverse, en waarom sou hierdie beslis deel gevorm het van die opvoeding wat Adam en Eva met hulle kinders gedeel het? Gen. 1–2, Gen. 3:1–15, 2 Kor. 4:6, Lukas 10:27, Gal. 3:11, Op. 22:12.

"Die opvoedkundige sisteem wat aan die begin van die wêreld ingestel is, moes daarna deur alle tye heen vir die mens 'n toonbeeld wees. As illustrasie van die beginsels hiervan is 'n modelskool in Eden, ons oerouers se tuiste, gestig."—Ellen G. White, *Opvoeding,* p. 20.

Christelike opvoeding is daaraan toegewy om gesinne, en lede van die familie te onderrig in leerstellings, aanbidding, instruksies, gemeenskap, evangelisasie, en diens. Die huis is die plek waar jy die gesinslede onderrig oor die liefde en beloftes van God. Hier word Jesus as die Here, Verlosser en vriend aan die kinders voorgestel, en dis hier waar die Bybel voorgehou word as die Woord van God. Die gesin is die plek waar 'n gesonde verhouding met die Vader gemodelleer word.

In Genesis 4:1–4 lees ons hoe beide Kain en Abel hulle offerandes na die Here bring. Ons kan beslis aanneem dat hulle reeds geleer het oor die betekenis en belangrikheid van die offers as deel van hulle gesinsonderrig oor die plan van verlossing. Maar, soos die verhaal getuig, is 'n goeie opvoeding nie altyd 'n waarborg vir die uitkoms waarop 'n mens sou hoop nie.

Wat ookal jou situasie tuis is, watter keuses kan jy uitoefen om te verseker dat dit 'n omgewing is waar die waarheid geleer en geleef word?

Maandag

5 Oktober

Jesus se kinderdae

Die Skrif gee ons min besonderhede oor Jesus se kinderdae. Heelwat dinge van daardie jare bly ‘n misterie. Maar ons het darem ‘n klein voorsmakie van die karakters van Sy aardse ouers, Maria en Josef. Wat ons oor hulle leer kan ons weer help om meer te wete te kom van Sy kinderdae en vroeë opvoeding.

Wat leer hierdie teksverse ons oor Maria en Josef en hoe hulle ons insig kan gee in die manier waarop Jesus deur Sy ouers onderrig is?

Lukas 1:26–38

Luke 1:46–55as

Matt. 1:18–24

In hierdie teksverse sien ons dat Maria en Josef getroue Jode was wat graag in gehoorsaamheid aan die wette en gebooie van God wou leef. En, toe die Here na hulle gekom het en hulle meegedeel het wat alles met hulle sou gebeur, het hulle alles getrou nagekom wat hulle vertel is.

“Die kind Jesus het nie onderrig ontvang in die skool van die sinagoge nie. Sy moeder was Sy eerste onderwyser. Sy het Hom die hemelse dinge uit die geskrifte van die profete geleer. Die juiste woorde wat Hy self aan Moses gegee het vir Israel, is Hy nou aan moedersknie geleer. Toe Hy Sy jongelingsjare bereik het, het Hy nie na die rabbynse skole gegaan nie. Hy het nie die onderrig uit daardie bronne nodig gehad nie, want God was Sy leermeester.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 70.

Daar is daarom geen twyfel nie dat hulle goeie en getroue onderwysers vir hulle kind was, soos wat die verhaal in Lukas 2:41-50 meedeel, maar daar was baie dinge wat hulle nie van hulle Seun verstaan het nie, want Jesus het die kennis en wysheid gehad wat slegs deur die Here aan Hom gegee is.

Lees weer die aanhaling van Ellen G. White hierbo. Hoe verstaan ons dit wat sy hier geskryf het oor wat Jesus aan moedersknie geleer het, en die woorde wat Hyself gespreek het? Wat vertel dit ons oor die wonderlike liefde van God? Hoe moet ons, as gevalle en sondige skepsels, daarop reageer?

Dinsdag

6 Oktober

Kommunikasie

In werklikheid is opvoeding op enige vlak kommunikasie. Die onderwyser is die een wat die kennis, wysheid, inligting, feite, en nog meer het om aan die student oor te dra. Iemand wat oor ‘n groot hoeveelheid kennis beskik, moet in staat wees om dit aan ander te kommunikeer; andersins, wat baat al daardie kennis in terme van onderrig? Op ‘n ander vlak, egter, is goeie onderrig-vaardighede nie slegs die vermoë om te kommunikeer nie. Dit is ook noodsaaklik vir die hele proses om ‘n verhouding te bou. “Die ware onderwyser kan aan sy leerlinge min geskenke gee wat so kosbaar is as die gawe van sy eie kameraadskap. Dit is waar van manne en vroue en hoeveel te meer van jongmense en kinders, dat slegs namate ons deur simpatie met hulle in aanraking kom, ons hulle kan verstaan en ons sal moet verstaan om op ons doeltreffendste te kan bevoordeel.”—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 212.

Met ander woorde, goeie onderrig speel ook in op die emosionele en persoonlike vlak. Dit is so belangrik waar die gesinsopstelling as skool dien. Daar moet ‘n goeie verhouding tussen die leerder en die onderwyser gebou word. Verhoudings word gevestig en onderhou deur middel van kommunikasie. Wanneer Christene nie met God kommunikeer nie, deur byvoorbeeld nie Bybel te lees of in gebed te verkeer nie, sal hulle verhouding met God stagneer. Gesinne het goddelike leiding nodig indien hulle in die genade en kennis van Christus wil groei.

Lees die volgende teksverse. Wat kan ons hieruit leer om sterk gesinsverhoudinge (of enige ander soort verhouding) te bou? Ps. 37:7–9; Spr. 10:31, 32; Spr. 27:17; Ef. 4:15; 1 Joh. 3:18; Tit. 3:1, 2; Jak. 4:11.

Om tyd af te staan daaraan om vrugbare sade van kommunikasie te kweek, sal nie slegs die gesinslede voorberei vir ‘n persoonlike verhouding met Christus nie, maar ook interpersoonlike verhoudinge met die familielede help ontwikkel. Dit sal die kommunikasiekanale oop hou wat jy eens met jou kinders gevestig het wanneer hulle hul puberteits- en adolessente jare bereik. Selfs al het jy nie kinders nie, sal die beginsels wat ons in hierdie teksgedeeltes sien, van nut wees vir alle soorte verhoudings.

Waarom dink jy dat WAT ons sê net so belangrik is as HOE ons dit sê? Dink aan situasies waaruit jy kon leer oor die manier waarop jy iets gesê het, en dit die impak daarvan op die omstandighede bederf het, al het jy die waarheid gepraat.

Woensdag *7 Oktober*

Die ouers se rol

"En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here" *(Efe. 6:4)*. "Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar waarde is ver bo korale." *(Spr. 31:10)*.

Ouers het 'n ongelooflike verantwoordelikheid. Die vader is die hoof van die gesin, en die gesin is die kweekskool vir die kerk, skool, en gemeenskap. As die vader swak, onverantwoordelik en onbevoeg is, sal die gesin, kerk, skool en gemeenskap die gevolge daarvan dra. Vaders moet poog om die vrug van die Gees te openbaar- "liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing" *(Gal. 5:22)*. So het moeders ook waarskynlik die belangrikste rol in die hele gemeenskap. Hulle het 'n groot invloed daarop om die karakters van hulle kinders te vorm, en die atmosfeer en stemming van die huis te vestig. Vaders moet alles doen wat hulle kan om saam met die moeders te werk in die opvoeding van hulle kinders.

Wat kan vaders en moeders uit hierdie teksverse leer? Efe. 5:22, 23, 25, 26; 1 Kor. 11:3; 2 Kor. 6:14; Rom. 13:13, 14; 2 Pet. 1:5–7; Filip. 4:8.

Christenouers het 'n morele verpligting om 'n bybelse model van Christus en die kerk daar te stel deur hulle gedrag. Die huweliksverhouding is 'n analogie van Christus se verhouding met die kerk. Wanneer ouers weier om te lei, of indien hulle dinge op 'n tiranniese wyse doen, dan skilder hulle 'n vals beeld van Christus vir hulle eie kinders, en vir die wêreld. God gee opdrag dat alle Christenouers hulle kinders getrou moet leer *(lees Deut. 6:7)*. Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders te leer om die Here met hulle hele hart lief te hê. Hulle moet die vrees van die Here geleer word; 'n algeheel liefdevolle toewyding en oorgawe aan Hom.

In Deuteronomium 6:7 word die kinders van Israel spesifieke instruksies gegee aangaande die opvoeding van hulle kinders ten opsigte van die wonderlike dinge wat die Here vir Sy volk gedoen het. Al het die ouer mense 'n wonderlike storie gehad om aan hulle kinders te vertel, hoeveel te meer het ons, wat vandag ná die kruis van Christus leef, 'n baie beter verhaal om te vertel, het ons nie? Daarom is die genesing of opleiding wat ons vandag bied 'n voortdurend pro-aktiewe gebeurtenis waarin ons die waarheid van God in ons kinders uitstort, om hulle sodoende voor te berei vir hulle eie verhouding met Christus. Ons is egter almal die heilige gawe van 'n vrye wil gegee. Uiteindelik, wanneer hulle volwassenes is, moet ons kinders egter self voor God rekenskap gee.

Donderdag *8 Oktober*

Dat julle nie vergeet nie

Voordat die kinders van Israel die Beloofde Land sou ingaan, het Moses weer met hulle gepraat om hulle te herinner aan die wonderlike maniere waarop die Here hulle gelei het, en hy het hulle oor en oor vermaan om nooit die goeie dinge wat die Here vir hulle gedoen het te vergeet nie. In vele opsigte was Deuteronomium Moses se laaste wens en testament. En al is dit duisende jare terug geskryf in 'n kultuur en lewensituasie wat dramaties verskillend van enigiets soortgelyk vandag is, bly die beginsels wat ook op ons van toepassing is, nog dieselfde.

Lees Deuteronomium 6. Wat leer ons uit hierdie hoofstuk oor die beginsels van Christelike opvoeding? Wat behoort aan die middelpunt te staan van alles wat ons leer, nie net vir ons kinders nie, maar vir enigeen wat nie weet wat ons van God en Sy groot verlossingsdade weet nie? Watter vermanings sien ons ook in hierdie hoofstuk?

Die belangrikste van alles wat hulle hul kinders moes leer, was God se wonderdade aan hulle. Boonop, hoe duidelik is die vermaning ook gerig om nie te vergeet wat God alles vir hulle gedoen het nie? Indien ouers, natuurlik, die eerste groot rol speel om bybelse beginsels in hulle kinders se lewens te integreer, dan het hulle die verantwoordelikheid om hulle eie lewens so te organiseer en in te rig dat hulle voldoende kennis en tyd het om saam met hulle kinders deur te bring.

"Die kind se eerste onderwyseres is die moeder. Gedurende die tydperk van sy grootste ontvanklikheid en snelste ontwikkeling is sy opvoeding hoofsaaklik in haar hande."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 275. Dit is die belangrikste tyd wanneer ouers hulle kinders leer oor die liefde en beloftes van God. Deur 'n gereelde tydskedule daar te stel wanneer jy persoonlik jou kinders oor die wysheid en beloftes van God leer, sal dit 'n positiewe impak op jou familie en toekomstige generasies daarna hê.

Lees hierdie teksvers: "[E]n jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" *(Deut. 6:7).* Wat is die belangrike ding hier, en wat sê dit aan ons oor hoe lewensbelangrik dit is om altyd die werklikheid van die Here aan ons kinders, en ook onsself, voor te hou?

Vir verdere studie:

Lees die volgende hoofstukke in *Opvoeding* van Ellen G. White: "Voorbereiding", pp. 275–282; "Samewerking", pp. 283–286; en "Dissipline", pp. 287–297. "Op vaders sowel as moeders rus 'n verantwoordelikheid vir die kind se vroeë asook sy latere opleiding en vir beide ouers is die eise van sorgvuldige en deeglike voorbereiding uiters dringend. Voordat hulle die moontlikhede van vaderskap en moederskap op hulle neem, moet manne en vroue met die wette van liggaamlike ontwikkeling bekend raak - ... hulle moet ook die wette van verstandelike ontwikkeling en sedelike opleiding verstaan."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 276. "Die taak van samewerking moet by die vader en die moeder self begin, in die huislike lewe. In die opvoeding van hul kinders het hulle 'n gesamentlike verantwoordelikheid en dit moet hulle voortdurende strewe wees om saam op te tree. Laat hulle hul aan God oorgee en van Hom hulp soek om mekaar te onderskraag (...) Ouers wat hierdie opvoeding verskaf, is nie diegene wat geneig sal wees om die onderwyser te kritiseer nie. Hulle voel dat sowel die belange van hul kinders as regverdigheid teenoor die skool vereis dat hulle, sover moontlik, die een wat hulle verantwoordelikheid deel, moet onderskraag en eer."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 283.

Vrae vir bespreking:

1. Ons bestaan in 'n soort "woonplaas", of ons nou kinders het of nie, en ons verkeer almal interaktief met mekaar. Wat het jy uit hierdie week se les geleer wat jou van hulp kan wees om met ander om te gaan, of om aan ander te getuig, in die plek waar jy woon, of elders?

2. Ons is geneig om opvoeding as iets goeds te sien. (Wie kan teen opvoeding wees?) Maar is dit altyd die geval? Is daar voorbeelde waar opvoeding verdraai en tot iets negatief gemaak is? Wat kan ons leer uit daardie negatiewe voorbeelde wat ons kan help om opvoeding 'n goeie ding te maak?

3. In Woensdag se les is genoem dat ons almal die heilige gawe van 'n vrye wil gegee is. Vroeër of later, wanneer kinders jong volwassenes of self ouers word, moet hulle hul eie besluite neem oor die God van Wie hulle geleer is in hulle jonglewe. Waarom moet alle ouers – eintlik enigeen - wat graag aan ander wil getuig en ander in die evangelie wil onderrig, dit altyd onthou dat om 'n vrye wil te hê 'n lewensbelangrike waarheid is?